

24 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20
Fokusgedeelte: NGB, Art 26

Die mag van ons Middelaar

In sy laaste opdrag verf Jesus met 'n groot kwas. Hy gebruik omvattende woorde. Dit gaan oor ALLE mag, AL die nasies, ALLES wat Hy beveel het en oor Al die dae tot die einde van die wêreld.

Net die gedagte aan alle mag is al duiselingwekkend. Dink net aan die energie van een son, terwyl daar miljoene sonne is. Hoeveel mag lê daar nie in 'n enkele atoom opgesluit nie, en daar is ontelbare atome! Al hierdie mag en nog meer behoort aan ons Middelaar, Jesus Christus. "Daar is niks wat Hom kan hinder, wat sy magsvermoë stuit," sing ons (Sb 15-7:1).

Ons sing dit, maar glo ons dit? Direk na die aankondiging dat alle mag aan Hom behoort, beveel Jesus mos: "Gaan dan ... maak die mense my dissipels" (vers 19). Wie, wat iets van Jesus se mag begryp, sal dit waag om nié te gaan nie? Tog gaan baie nie. Hulle is dankbaar dat Jesus as die Middelaar hulle voor God bely, maar bely Hom nie voor die mense nie (Matt 10:32). In hulle hele lewe maak hulle nie een dissipel nie. Die mag van ons Middelaar bly vir hulle 'n vae teologiese begrip. Nooit wek dit by hulle enige entoesiasme nie.

Wees jy anders. Gaan, vertel en leer die wonderlike evangelie van 'n magtige Middelaar wat in sy liefde om mense met God te versoen nie gestuit word nie. Op hierdie pad sal jy nie net van sy mag vertel nie, jy sal dit ook sien werk en ervaar. Want, kyk! Op hierdie pad is Hy mét jou – AL die dae!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)